

# Transvaler

rekkerpers. Bpk., DONDERDAG 21 JUNIE 1945

Geregistreer aan die Hoofpos  
as 'n Nuusblad.

## Sierlike Nuwe Kerk Van Pretoria-Noord ★

**DIE** sierlike en moderne kerkgebou van die pas-afgestigte Pretoria-Noord-gemeente van die N.H. of G. Kerk, is onlangs voltooi, en word op Saterdag ingewy. Die argitek en boumeesters, mnr. Gerhard Moerdyk en mnr. Bachman en Muller onderskeidelik, kondig met trots aan dat, in die bou van hierdie kerk, daar met die uitsondering van die glas vir die vensters, uitsluitlik van binnelandse materiaal gebruik gemaak is.

Nadat daar byna vir 'n jaar lank gesukkel is om 'n bou-permit in die hande te kry, is dit eindelijk toegestaan, juis omdat daar van die kant van die bouers aangevoer is dat slegs binnelandse materiaal gebruik sou word. In die gebou is daar feitlik geen hout-struktuur nie — die galerye is van beton en die dak is 'n betongewelf. Die raamkonstruksie van beton is met yster versterk wat van Yskor afkomstig is en ook die ysters in die vensters is plaaslik vervaardig. Donkerblou bakstene onder en goudbruïnes bo maak 'n besonder aantreklike vertoning. Die vloer van die kerk, sowel as die preekstoel, is van Transvaalse kiahouthout.

### AKOESTIEK

Besondere aandag is ook aan die aspek van die akoestiek geskenk. Die betongewelf is met asbestoswiel bespuut om weerklank en dreuning uit te skakel.

Agtër en om die preekstoel is 'n betonklankbord aangebring in die vorm van die menalike gehemelte. Van hier-

## ★ UIT PLAASLIKE MATERIAAL GEBOU



die akoestiese proefneming word verwag om 'n groot verbetering te weeg te bring.

Beligting geskied deur bedekte elektriese ligte. Die orrel staan op 'n galery en daar is ook sitplek vir 'n koor bestaande uit 50 persone.

Die totale onkoste van die gebou word op £12,000 gestel, en die kerk bied sitplek vir 700 mense aan.

Die gemeente, waarvan ds. A. J. V. Bürger die leeraar is, sal die praggebou op Saterdagmiddag om twee-uur inwy.